



# education

**MPUMALANGA PROVINCE**  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL**  
**GRAAD 11**  
**VRAESTEL 1**  
**JUNIE 2017**

Punte: 120  
Tyd: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye

AFDELING A:	Leesbegrip	(30)
AFDELING B:	Opsomming	(10)
AFDELING C:	Taalstrukture en -konvensies	(40)
AFDELING D:	Letterkunde	(40)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep ná elke afdeling.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.
8. Voorgestelde tydsindeling:
 

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	30 minute
AFDELING C:	40 minute
AFDELING D:	30 minute

Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

# Hout

**Hout** is 'n harde veselagtige materiaal wat van bome afkomstig is. Hout word gebruik vir die konstruksie van geboue en meubels. Dit kan ook gebruik word vir die maak van vuur en verhitting. Papier word ook deur 'n chemiese reaksie van hout vervaardig.




Bome kan in hulle natuurlike habitat afgekap word, maar om die produksie van hout volhoubaar te maak, word groot areas land met bome (soos dennebome) beplant. Bome word in plantasies aangeplant. In Mpumalanga in die Sabie en Graskop-omgewing is die grootste mensgemaakte woude/plantasies in die wêreld. Daar word meestal dennebome en bloekombome aangeplant. Ongelukkig het albei die bome natuurlike olies en daarom brand hulle ook maklik. Sodra die bome se takke aanmekaar begin raak, word die takke uitgedun. Die takke wat afgesaag word, word gebruik vir die maak van papier, bokse en kratte. Bome neem sowat 20-25 jaar om groot genoeg te word om afgesaag te word en hout, planke en pale te maak.

Elke jaar (of paar jaar) word 'n deel van plantasie afgekap en 'n deel weer oorgeplant. Die aanplant en oes van bome word so beheer dat dit 'n konstante jaarlikse produksie kan lewer.

'n Houtkapper is 'n persoon wat bome afkap. Sodra die boom val, word die sytakke verwyder sodat net 'n lang reguit stam oorbly. Die stam word dan na 'n meule vervoer waar dit in lang reguit stukke planke (timmerhout) opgesaag word. Die timmerhout word dan as boumateriaal gebruik of verder verwerk. Spykers, skroewe, of selfs gom kan gebruik word om hout aan mekaar te heg om ander vorme, soos houtrame, te skep.

Die proses word soms geoutomatiseer met masjiene wat 'n boom in een beweging optel, stroop en op 'n vragmotor laai. Minder werkers word dus benodig om bome tot by die fabriek, waar dit verwerk gaan word, te neem. Dit maak die proses meer doeltreffend en kan tot groot besparings lei.





Die grootste gevaar vir plantasie is brande. Die brande kan natuurlik ontstaan deur weerlig of deur die agterloosigheid van mense. In 2012 het vyf groot brande, groot skade aan die Laeveld van Mpumalanga se plantasies veroorsaak toe miljoene bome vernietig is deur veldbrande.

[Verwerk vanaf die internet]

- 1.1 Waarvoor word hout gebruik? (Noem 4) (4)
- 1.2 Kies die korrekte woord tussen hakies.  
Om hout volhoubaar te produseer (kan ons natuurlike bome afkap/ bome aanplant) (1)
- 1.3 Wat noem ons die stukke land waarop bome aangeplant word? (skryf SLEGS die WOORD neer) (1)
- 1.4 In watter TWEE dorpe in Mpumalanga word baie bome aangeplant? (2)
- 1.5 Watter soort bome word aangeplant? (Noem TWEE) (2)
- 1.6 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?  
Die bome brand maklik omdat hul takke aanmekaar raak. (1)
- 1.7 Hoe oud is bome as dit gereed is om afgesaag te word? (2)
- 1.8 Hoe maak hulle seker dat daar altyd bome is om af te kap? (2)
- 1.9 Waar word die bome opgesaag? (1)
- 1.10 Waarmee word planke aanmekaar vasgesit? (3)
- 1.11 Wat is die grootste gevaar vir plantasies? (1)
- 1.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die letter (A–D) neer.

In ..... is baie bome in Mpumalanga verwoes in brande





A 2017 B. 2010 C. 2012 D. 2005  
(1)

1.13 Op watter natuurlike manier kan brande ontstaan? (1)

[22]

**TEKS B: VISUELE TEKS**

**Hoe ons wen deur papier te herwin** (*recycle*)  
'n Ton papier wat van herwonne vesel pleks van bome gemaak word, bespaar nagenoeg.....

			
<b>17 tot 31 Bome</b>	<b>4000kWh (kilowatt-uur) se elektrisiteit</b>	<b>27kg se lugbesoedelende stowwe</b>	<b>32 liter water</b>

[Verwerk van biljet van Departement van Energie]

1.13 Van watter plante word papier gemaak? (1)

1.14 Hoeveel lug word besoedel met die maak van een ton papier? (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.26) en die letter (A–D) neer.

Die “**her**” in herwonne en herwin beteken..

A oor B weer C niks D omtrent (1)

1.16 Waarvoor staan die ? (1)

1.17 Waarom noem ons hierdie teks 'n visuele teks? Gee EEN rede. (1)

1.18 Hoe dink jy kan jy jou papiergebruik verminder? (1)

1.19 Kies die regte antwoord uit die wat gegee is:

'n Ton is .....

A 1000kg B 10 000kg C 2000kg D 20 000kg (1)

1.20 Hoe kan ons 'n ton papier maak? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

#### TEKS C: HOEKOM HET ONS BOME NODIG

- Som in SEWE volsinne op HOEKOM ONS BOME NODIG HET
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

### Die noodsaaklikheid van bome

#### 1. Klimaat

Bome help ons klimaat reguleer. Bome help om konsekwente temperature te handhaaf. Dit help dat ons wêreld nooit te warm of te koud word nie omdat dit koolstof opneem. Dit help om hittegolwe en oorstromings te stop.

#### 2. Suurstof

Bome maak suurstof en help ons dus om asem te haal. As ons woude afkap sal ons al hoe minder skoon lug hê om in te asem.

#### 3. Water

75% van die wêreld se water kom van woude af. Bome bevog die lug deur verdamping en so word reën gevorm wat vir ons water gee.

#### 4. Erosie

Bome keer ook reënwater wat teen heuwels en berge afloop en voorkom so erosie van die grond. Die water loop stadiger tussen die bome deur.

#### 5. Boere


Kleinboere gebruik sekere insekte en voëls wat in woude bly om hul oeste te bestuif. Dit verskaf dus meer kos vir die mense en diere.

#### 6. Produkte

Bome gee ons hout sodat ons produkte in ons alledaagse lewe kan maak. Produkte soos planke, meubels en papier wat ons elke dag gebruik.

#### 7. Medisyne

Bome gee ons ook medisyne wat ons gesond maak. Meer as 3000 plante is al geïdentifiseer wat ons kan gebruik om kanker te voorkom.



[Verwerk vanaf Wikipedia]

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS D

**Alle Skoolkinders!**

**Herwin alle ou papier en wen groot pryse vir jou en jou skool hierdie Juniemaand!**

*Parravlei kan ons wêreld red!  
Een papiertjie op 'n slag!*




Bring julle herwinbare rommel elke Vrydag en die klas wat die meeste deelneem gaan verras word! Moenie wag nie, begin vandag al alles bymekaar maak en merk jou sak duidelik met jou graad en klas bv. Gr 6B



*Dis dalk jou laaste kans om 'n verskil te maak in die wêreld!*

- 3.1 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)
- 3.2 Hoe word die leser se aandag na die opskrif getrek? (1)
- 3.3 Watter woord sê dat hierdie spesiale aanbod net vir 'n sekere tyd is? (1)


- 3.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.  
Die leesteken aan die einde van **Alle Skoolkinders!**  
is 'n (dubbelpunt/uitroepteken/vraag/teken/kommapunt). (1)
- 3.5 ***Parravlei kan ons wêreld red!***  
Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.5.1)  
en die letter (A–D) neer.  
Die sin hierbo is 'n voorbeeld van ...  
A Oordrywing. B figuurlike taalgebruik.  
C partydigheid. D stereotipering. (1)
- 3.6 Watter VOORNAAMWOORD gebruik die adverteerder in die advertensie  
hierbo om die leser te laat voel dat daar met hom/haar gepraat word? (1)
- 3.7. Skryf EEN woord neer wat aandui wat kinders moet bymekaar maak? (1)
- 3.8. ***Dis dalk jou laaste kans om'n verskil te maak in die wêreld!***  
Is hierdie stelling 'n FEIT of 'n MENING?  
Motiveer jou antwoord. (1)
- 3.9. Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.  
Parravlei sal ons wêreld red. (1)
- 3.10. Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik.  
Skryf net die vraagnommer (3.9) en die ontbrekende woord neer.  
geskree; gefluister; gesê; gevra  
Die luidspreker () waaruit die woorde in die advertensie gesê word, is effektief  
omdat dit lyk asof die woorde ... word. (1)
- 3.11 Verander die sin na 'n VRAAGSIN deur te begin met die vraagwoord wat gegee is.  
**Bring julle herwinbare rommel elke Vrydag.** (wanneer)

[11]

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Lees en bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS E



[Uit Beeld 21/11/2016]

- 4.1 Voltooi die BEVELSIN deur die woord wat ontbreek, neer te skryf.  
Hammie moet na sy ma luister.  
Hammie , ... na jou ma! (1)
- 4.2 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.  
Ma sê: "Ek sit vir Wren in haar stoeltjie."  
**Begin só:** Ma sê ... (1)
- 4.3 Gebruik die woord "hou" (RAAMPIE 1) in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het. (1)
- 4.4 Die kinders in die ander motor lag. (RAAMPIE 2)  
4.4.1 Vir wie dink jy lag hulle? (1)  
4.4.2 Waarom dink jy lag hulle? (1)
- 4.5 Skryf die MEERVOUD van "stoeltjie. (RAAMPIE 1) (1)
- 4.6 Gee die VERKLEINWOORD van "handsak". (Raampie1) (1)
- 4.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die nommer en die regte woord. (1)

As Hammie sy ma vra oor wanneer hulle trek, dink jy hy (bedoel dit letterlik/ of hy bedoel dit nie letterlik nie) Raampie 3. [7]

## VRAAG 5

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS F: LEESTEKS

1 Om 'n (5.1.1) **kanaalaap** te wees – gebore en getoë langs die kanale wat die  
2 lusernlande en wingerde van die Upingtonstreek van water voorsien –(5.1.2.)  
3 **hou baie voordele in**. Ek ken die verskil tussen 'n goue sultane en 'n Thomson-  
4 pitlose rosyntjie, (5.1.3) ek kon swem voordat ek kon loop, en ek is bowenal 'n  
5 kenner van uiterste (5.1.4) **hitte**.  
6 Sou daar ooit soos Olimpiese Spele (5.1.5) **(by/vir/op)** die warmste plek op  
7 aarde gehou word, dink ek die Kalahari-hitte sal die ander deelnemers lag-lag  
8 kan uitstof en (5.1.6) **(een)** kom.  
9 Ek gee toe dat dit dalk meer sin sou maak (5.1.7).... .... wed op plekke soos  
10 Dallol in Ethiopië of Queensland in Australië, maar ons rooiboswoestyn is 'n  
11 gedugte (5.1.8) **warm** teenstander.  
12 Volgens die Suid-Afrikaanse Weerdiens behoort die amptelike (5.1.9) **titel** van  
13 die warmste plek in (5.1.10) **Suid-Afrika** aan Letaba in Limpopo. Dit het 'n  
14 gemiddelde temperatuur van 35°C.  
15 (5.1.12) Ek nooi (om 'n somer) (die weermanne en weervroue) (deur te bring)  
16 (tussen die duine naby Upington). Die gebied verdien sy reputasie (en al die  
17 grappies op die nuus) as die warmste plek in die land. Onthou dit as jy die  
18 gesmelte teer op die hittige (5.1.13) **sy+paadjies** probeer systap.  
19 Die hitte van die Kalahari is suiwer, droog en verslawend. Die Kalahari se mense  
20 is deur die seisoene getemper. Daar is nie veel tyd vir fieterjasies in die gebied  
21 waar die son elke oggend opkom met net een doel; om alles en almal onder die  
22 grond in te brand.  
23 (5.1.14) **Katspoegies** val nie in die Kalahari nie. Wanneer dit die dag reën, reën  
24 dit ordentlik. Die reuk van reën op stof en warm teer is vir 5.1.15 **(ek/my/myne)**  
25 wonderlik.

[Verwerk uit WEG Desember 2016]

5.1.1 Verdeel die woord “kanaalaap” in LETTERGREPE. (Reël 1)

Om 'n kanaalaap te wees.... (1)

5.1.2 Skryf die in ONTKENNING. (Reël 3)

Dit hou baie voordele in. (1)

5.1.3 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD. (Reël 4)

Ek kon swem voordat ek kon loop. (1)

5.1.4 Gee die ANTONIEM van “hitte”. (Reël 5)

..... 'n kenner van uiterste hitte. (1)


- 5.1.5 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. (Reël 6)
- Sou daar ooit soos Olimpiese Spele (**by/vir/op**) die warmste plek op aarde gehou word..... (1)
- 5.1.6 Gee die korrekte vorm van die onderstreepte TELWOORD. (Reël 8)
- .... uitstof en (**een**) kom..... (1)
- 5.1.7 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sinsdeel oor. (Reël 9)
- ..... sin sou maak .... .... wed op plekke.... (1)
- 5.1.8 Gee die INTENSIEWE VORM vir “**warm**”. (Reël 11)
- Dit het somer en warm geword. (1)
- 5.1.9 Gee die MEERVOUD van “**titel**”. (Reël 12)
- ... die amptelike **titel** van die warmste plek ... (1)
- 5.1.10 Hoekom is “Suid-Afrika” met ’n HOOFLETTER geskryf? (Reël 13)
- ..... die warmste plek in **Suid-Afrika** .... (1)
- 5.1.11 VERBIND die sinne hieronder met die woord tussen hakies.
- Die warmste plek in Suid-Afrika is Letaba.
- Dit het ’n gemiddelde temperatuur van 35°C. (omdat) (1)
- 5.1.12 RANGSKIK die woorde tussen hakies in die korrekte VOLGORDE.
- Skryf die hele sin oor. (Reël 15-16)
- Ek nooi (om ’n somer) (die weermanne en weervroue) (deur te bring) (tussen die duine naby Upington).
- Begin so: Ek nooi..... (1)
- 5.1.13 Gee die korrekte SAMESTELLING van sy+paadjie. (Reël 18)
- ..... op die hittige **sy+paadjies** probeer systap. (1)
- 5.1.14 Wat dink jy is die betekenis van “**katspoegies**”? (Reël 23)
- Katspoegies** val nie in die Kalahari nie. (1)

- 5.1.15 Kies die korrekte VOORSETSEL en skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer. (Reël 24)

Die reuk (oor/by/van) reën op stof en warm teer hang in die lug. (1)  
[15]

Bestudeer die teks (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS G: PRENT



[Verwerk vanaf Google]

- 5.2.1 Skryf die korrekte OORTREFFENDE TRAP van die woord. Ek is somer opgewonde om 'n verskil..... (1)
- 5.2.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. As die impak negatief is, is dit (goed /sleg) vir ons? (1)
- 5.2.3 Kies die regte LIDWOORD en skryf net die vraagnommer en antwoord neer. Dit het 'n negatiewe invloed op **(die/n)** omgewing. (1)
- 5.2.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. 'n SINONIEM vir die woord planeet is... (provinsie/wêreld/stad) (1)
- 5.2.5 Verbind die sinne met die VOEGWOORD wat gegee is. Kom ons spring aan die werk. Besoedeling neem toe. (want) (1)



5.2.6 Wat dink jy beteken die  teken. (1)

5.2.7 Wat sou jy kon doen om ons planeet te red? (Noem twee dinge) (2)

[7]

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## **AFDELING D: LETTERKUNDE**

### **BLADSAK – Lucas Malan**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die verhale.

#### **VERHAAL A: “Towersak” – Corlia Fourie (20)**

**EN**

#### **VERHAAL B: “Benedicta” – Magaret Bakkes (20)**

### **VRAAG 6**

#### **VERHAAL A: (20) “Towersak” – Corlia Fourie**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

“Maar kyk net wat in die sakkie is. Dan weet jy mos wat jy later sal kan kry.”

“Dit mag ek nie doen nie.”

“Hoekom nie?”

\*\*\*\*\*

Toe vra die jong man elke oggend as hulle hul oë oopmaak. Hy vra wanneer hulle langs die pad loop en hy vra as hulle rus.

6.1 6.1.1 Hoekom mag die meisie nie in die sakkie gekyk het nie? (1)

6.1.2 Wat sou gebeur as sy in die sakkie kyk? (1)

6.2 Wat het die jong man gehoop is in die sakkie? (3)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.3) en die letter (A–D) neer.

Die meisie wou nie nou al sien wat in die sakkie is nie want...

A Sy wou die loop en die wêreld sien

B Sy het geweet daar is baie geld in die sakkie

C Sy was nie nuuskierig nie

D Sy was 'n muti-vrou

(1)

6.4 Noem DRIE dinge wat die meisie uit die sakkie gehaal het. (3)

6.5 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.5) en die ontbrekende woord neer.

Pa; ma; muti-vrou  
Die meisie se ..... het haar geleer om spies te gooi. (1)

6.6 Kies die inligting in KOLOM B wat by die in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.6.1–6.6.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
6.6.1 die ma	A Het geneul
6.6.2 die jong man	B het eers gehuil
6.6.3 die dorpenaars	C Vee hul oë af
6.6.4 die meisie	D Was anders

(4 x 1) (4)

6.7 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Die jong man kom na haar aangehardloop
  - Die meisie vertel stories
  - Die ma maak medisyne van botterblomblare
  - Die meisie gooi die buffel met haar spies
- (4)

6.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.8) en die letter (A–D) neer.

Die jong man het weggegaan omdat

- A hy bang was
  - B nie lief was vir die meisie nie
  - C alles van die meisie af geweet het
- (1)

6.9. Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is.

Die meisie moes die sakkie vol klippe maak (1)

[20]

### VERHAAL B: “Benedicta” – Magaret Bakkes

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Ek dwaal deur die tuin en ek glo op die oomblik dat my kind, my groot, sterk, pragtige manskind, met rooi hare soos myne, nie van my weggeneem sal word nie. Daar was mos al dikwels in sy lewe noue ontkomings. Dikwels het ons aan die rand van die afgrond gestaan.

- 6.10 Wie is hier aan die woord? (1)
- 6.11 Wie is die “mankind” van wie die persoon praat? (1)
- 6.12 Noem drie van die “noue ontkomings” waarna hier verwys word. (3)
- 6.13 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:
- Sy huil soos een wat alleen is.
  - Hulle stop by Ultra City
  - Die verteller en haar dogter is op ’n inkopietog.
  - Haar skoonseun bel vir Kinta van Niekerk. (4)
- 6.14 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.18.1–6.18.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
6.14.1 Die oudste seun	A In die hospitaal
6.14.2 Die jongste seun	B geneesheer
6.14.3 Die skoonseun	C Johannes
6.14.4 Die verteller	D Wil dadelik ry

(4 x 1) (4)

- 6.15 Wat bied die vrou van die glashok die verteller aan om haar beter te laat voel? (2)
- 6.16 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.19) en die letter (A–D) neer.  
Haar jongste seun werk ...
- A. in die hospitaal
  - B as ’n dokter
  - C as ’n skrywer
  - D as ’n staptoerveldwagter (1)
- 6.17 Wat het haar seun die keer oorgekom? (2)
- 6.18 Wat beteken die naam “Benedicta”? (1)
- 6.19 Sê waarom die stelling ONWAAR is.  
Haar man se geel Toyota-karretjie het voor die deur gestaan. (1)

**TOTAAL AFDELING D: 40**  
**GROOTTOTAAL: 120**